Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## SEPTEMBER 2015

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte van elke vraag in ag.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Gedigte | (30) |
| AFDELING B: | Roman | (25) |
| AFDELING C: | Drama | (25) |

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C.

   **AFDELING A: GEDIGTE**
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – VERPLIGTE vraag.

   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord EEN vraag.

   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord EEN vraag.

5. **KEUSE VAN VRAE VIR AFDELING B (ROMAN) EN C (DRAMA)**

   - Beantwoord **SLEGS** die vrae oor die roman en drama wat jy in die klas gedoen het.
   - Beantwoord EEN LITERÊRE OPSTEL en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die literêre opstel in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die literêre opstel in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die literêre opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die literêre opstel vir die roman en drama is onderskeidelik 400–450 woorde.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

**INHOUDSOPGAWE**

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.


| **AFDELING A : GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte : Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. Een sprong vir ... | Literêre opstel | 10 | 6 |
| **OF** | | | |
| 2. ‘n tipe epistemologie van water | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| **OF** | | | |
| 3. “last grave at dimbaza” | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| **OF** | | | |
| 4. Safari | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **EN**<br>**Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. woorde huil soms | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Literêre opstel | 25 | 12 |
| **OF** | | | |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| | | | |
| *8. Manaka Plek van die Horings* | Literêre opstel | 25 | 14 |
| **OF** | | | |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| | | | |
| 10. *Vatmaar* | Literêre opstel | 25 | 17 |
| **OF** | | | |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| | | | |
| **AFDELING C: DRAMA**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 12. *Krismis van Map Jacobs* | Literêre opstel | 25 | 19 |
| **OF** | | | |
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| | | | |
| 14. *Mis* | Literêre opstel | 25 | 21 |
| **OF** | | | |
| 15. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 21 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN LITERÊRE OPSTEL en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Literêre opstel of kontekstuele vraag) | 6–11 | 1 | |
| C: Drama (Literêre opstel of kontekstuele vraag) | 12–15 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN LITERÊRE OPSTEL en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Een sprong vir ... – Joan Hambidge**

Jy wil weet
waarom herstel ek nie –
want jy het my die maan,
sterre en uitspansel beloof.

Jy stuur my na die maan
en à la Neil Armstrong beweeg
ek in die lugdrukvrye atmosfeer,
karteer die kraters, die stil verwoesting
wat jy saai, plant 'n vlaggie van rekapitulasie
(dis verby, dis verby, dis ...) op die klein silw'rige planeet.

Danksy die verbinding tussen my en die lugskip van glas
genaamd poësie, keer ek weer terug na die aarde,
wys my foto's vir diegene wat wil sien,
neem stukkies maankors saam
en weet ná maande
die maan is hiér.

Jy wil weet
waarom vergeet ek nie –
omdat ek weet die maan
is beslis nie van kaas.

[Uit: *Kriptonemie,* 1989]

"Een sprong vir …" is 'n vrye vers met geen vaste strofebou nie, geen vaste rymskema of vaste metrum nie en die lengte van die versreëls wissel. Tog word binding in die gedig bewerkstellig deur onder andere die motief van die maan.

Bespreek die verwysings na dié maan as bindende motief in hierdie gedig in 'n opstel van 250–300 woorde. **[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**'n tipe epistemologie van water – Breyten Breytenbach**

Die hemel was somber suf van die gietende reën
skeef gearseer, gebuig deur windstrome ...
Dit was getint in vuur se kleure voortgebring uit
bliksemskigte
wat die wolke gereep en verfladder het, die fakkels
waarvan die groot waters oor die oorspoelde valleie
geslaan en oopgekloof het, en waar dié ontbloot is
het die omgebuigde boomkruine sigbaar geword in die
dieptes ...
dat jy daar kon sien saamgewriemel op die baie bergspitse
allerlei diere die marmotjies die girafs die skuifelende reptiele
oplaas getem met die peupel mans en vroue wat boontoe
gevlug het met kind en kraai. En die landerye
onder water se brandertoppe was besaai van tafels,
katels, arke, balies, kosyne, stompe, karavane, vrieskaste,
kateders, kroegtoonbanke en 'n flottielje vlotte
saamgeflans in nood en vrees vir die dood
(so glibberig, so log), waarop 'n norring vare en moere met
kroos
kon hurk terwyl hulle arpeggio's eoniese krete
en verwyte en jammerklagte uiter, lamgeslaan
deur die wind se woede wat die waters laat rol
laat rol laat rol het ... tesame met die glinsterende
groen lyke van die verdrinktes, 'n mompeling
van dooie vleis weer en weer en weer ...

[Uit: *Die ongedanste dans – Gevangenisgedigte 1975-1983,* 2005]

2.1 Die titel van die gedig verwys na 'n soort kennisteorie oor water en die spreker wil dit aan die leser oordra. Watter boodskap moet die leser duidelik verstaan oor water (ná die lees van die gedig)? (1)

2.2 Beskryf die atmosfeer in reël 1. (1)

2.3 Dink jy dat die gebruik van die meervoudsvorm "waters" (reël 6 en reël 22) effektief tot die tema van die gedig bydra? Motiveer jou antwoord. (2)

2.4 In reël 11 is die voegwoord weggelaat met die doel om op kernagtige wyse die groot aantal diere te beklemtoon. Wat word dié stylfiguur genoem? (1)

2.5 Waaruit kan jy aflei dat die huise ook weggespoel het? (1)

Kopiereg voorbehou Blaai asseblief om

2.6 Hoe beïnvloed die woorde “vare en moere” (reël 18) en “vleis” (reël 25) die leser se ervaring van die mense in die vloedwater? (1)

2.7 “Arpeggio’s” (reël 20) is ‘n musiekterm. Waarom sou die spreker die krete “arpeggio’s” noem? (1)

2.8 Hoe weet ons dat die krete van die mense op die vlotte lank en skynbaar nimmereindigend aangehou het? (1)

2.9 Dui die personifikasie in reëls 20–23 aan. Skryf die betrokke reël neer en onderstreep die personifikasie. (1)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**“last grave at dimbaza’ – Fanie Olivier**

beauty douglas was born
op ‘n wintersnag so all forlorn
omring deur die sterre se liggies
en koerante kaal klip
en nuuskierige hande
en tien ander gesiggies
a ‘n dogter oplaas ’n dogter
om beeste te kry om die wêreld
te wei a dis lekker
om ‘n vader te is te is

die ma het ‘n briefie geskryf
aan haar man op die myne
om te sê van die kind en te vra van die geld
want dit was sy kind die dogter
was syne om te sê: o my man
o my man ek het beeste gebaar
op ‘n wintersnag so all forlorn
met die sterre soos goud en die mielies klaar
beauty douglas your daughter was born

sy hart het oopgeskiet tussen lae klip
opgeskiet boontoe en oopgevou
in ‘n laatnagbrief: my vrou
my vrou sê aan beauty douglas
haar pa het haar lief.

Kopiereg voorbehou 

hy't sy brief gepos met sy viersentseël
'n lugposbrief aan beauty douglas
om te sê hy't haar lief
die adres was mnxesha
oor kingwilliamstown kaap

saans as hy sy moegheid streel
het hy gedroom van sy meisiekind
en op 'n sonskynmiddag twee maande later
het 'n brief uit mnxesha hom teruggevind:

"beauty douglas was born
she died"

[Uit: *skimmellig,* 1978]

3.1 Verduidelik waarom daar reeds in die naam van die dogtertjie, "Beauty" (reël 1) 'n sterk ironie opgesluit lê. (2)

3.2 Waarom is die verwysing na beeste (reël 8 en reël 16) belangrik vir die kulturele agtergrond van Beauty se ma? (1)

3.3 Watter stylfiguur word in reël 5 aangewend? (1)

3.4 Watter woord in strofe twee sluit aan by reëls 20 en 21? Gee slegs EEN woord. (1)

3.5 Wat is die funksie van die "o"-uitroep in reëls 15 en 16? (1)

3.6 "... op 'n sonskynmiddag ..." (reël 32) ontvang die pa 'n boodskap in verband met sy dogtertjie. Verduidelik die ironie in die reël. (2)

3.7 Wat is die funksie van die dubbelpunt van die einde van reël 33? (1)

3.8 Die pleknaam "dimbaza" (titel) kan die interpretasie van die gedig vir die gewone leser bemoeilik. Verduidelik. (1)

**[10]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Safari – D.J. Opperman**

Niks
staan
stil –
alles
kry
voete,
beweeg
in
lang
stoete:
grassteeltjies,
kosyne,
stede
en
treine;
oor
Saharas
en
savannes
die
optog
van
alle
paaie
oor
die
wêreldrond
na
die
gaatjie
in
die
grond
o

[Uit: *Kuns-mis,* 1964]

4.1 Hoe illustreer die gedig letterlik dat die beginpunt (reël 1) en die eindpunt (reël 34) van die lewe dieselfde is? (1)

4.2 Waar in die gedig kry ons die eerste aanduiding dat die gedig ook oor die dood handel? Haal slegs die woord aan. (1)

4.3 Verduidelik die gebruik van die dubbelpunt in reël 10. (1)

Kopiereg voorbehou

4.4 Bespreek hoe reëls 17 tot 19 by die titel van die gedig aansluit. (1)

4.5 "Savannes" (reël 19) verwys na grasvlaktes met verspreide groot bome. Waarop sou "savannes" konnotatief sinspeel? (1)

4.6 Vanaf reël 16 tot aan die einde van die gedig is daar geen leestekens nie. Wat sou die rede wees vir hierdie deurlopende enjambement? (1)

4.7 Watter woord (reëls 11–19) verwys na iets waardeur 'n mens in- en uitbeweeg en suggereer iets van die gejaagdheid van die daaglikse lewe? Haal slegs die woord aan. (1)

4.8 Die "o" (reël 34) kan vertolk word as 'n emosionele reaksie op iets; dit kan ook die punt van 'n sin wees. Waarop kan die "o" nog dui? (1)

4.9 Watter insig gee hierdie gedig vir jou oor die lewe? (2)
**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**woorde huil soms – Jak de Priester**

lang trane van die hart

woorde huil soms
op papier, brûe, kitare, rots en kots,
asyn in die wonde,
ingesmeer, geslaan, gemartel in die weeshuis van die hart.

woorde huil soms
tot die siel skil-verdroog raak van "traak-my-nie-meer-nie"
'n uitgespoelde vis, uitgedroogde oë,

woorde huil soms
tot die seisoen verander,
woorde huil soms
tot die fetus vorm kry
woorde huil soms
tot die roof verdwyn in wit heilige skil-vers.

woorde huil soms
tot alles heel raak,
tot alles nuut raak
tot
jy
weer mens raak.

[Uit: *Brood,* 2010]

5.1 Wat word baie effektief as bindingsmiddel in die gedig aangewend? (1)

5.2 Benoem die beeldspraak wat in reël 5 voorkom. (1)

5.3 Gee bewyse dat hierdie gedig 'n vrye vers is. (2)

5.4 Skryf die versreël neer waar daar 'n wending in die gedig voorkom. (1)

5.5 Verduidelik volledig hoe reël 12 by die slotreël van die gedig aansluit. (1)

5.6 Spreek jou uit oor die funksionaliteit van die tipografie in die laaste drie reëls van die gedig. (1)

5.7 Hoe sou jy die stemming van die gedig beskryf? (1)

5.8 Stem jy saam met die spreker oor die rol wat woorde in mense se lewens kan speel? Gee jou goedgemotiveerde standpunt. (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

**LET WEL:** Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 6: LITERÊRE OPSTEL

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Die innerlike konflik wat Iris in die roman *Die kwart-voor-sewe-lelie* ondergaan, dra by tot haar karakterontwikkeling.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**OF**

## VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

### *DIE KWART-VOOR-SEWE- LELIE* – Eleanor Baker

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

“Hy het hard met sy tong geklik en ‘n krummel teen sy baadjielapel gespoeg. “Jy soek moeilikheid en jy gaan dit kry.”

“Wat is jou naam?” het ek gevra omdat ek gevoel het ‘n mens kan nie jou lewensfilosofie sit en verduidelik aan iemand wie se naam jy nie eens ken nie.

“Billy. Joune?”

“Iris.”

Hy het wreed geglimlag en ek moes toegee, hy het baie goeie tande. “My suster is ook Iris.”

“Daar het jy dit dan,” het ek voldaan gesê. “En waar is jou taxi?”

Hy het sy hand gewaai in die rigting van ‘n ry geparkeerde geel taxi’s. “Dis my etensuur.”

“Is dit al so laat?” Ek het na my horlosie geloer. “Sowaar. Jy sien, my ouma het haar eie spesiale Engel gehad en ek het die gevoel die man is nou by my. Saamgevlieg, blykbaar.”

Billy het sy oë gerol. “Uh-huh.”

“Dis dié dat ek seker nie so versigtig is soos ek behoort te wees nie. Ek reken die Engel sal my pootjie of so iets as ek te ver gaan.”

Hy het sy kop geskud en die plastiekbekertjie tussen sy groot hande verfrommel.

“Mense luister nooit regtig na my nie. Veral nie my familie nie.”

“Is dit so?”

“En dan is daar my naam. Iris. In die mitologie het dit twee verskillende betekenisse gehad. Ek glo nie eintlik die laaste een nie, maar die een is wel van toepassing.”

“Maar dan is daar ook die blom. Het julle ook irisse in julle tuine?”

“Uh-huh,” het hy weer gesê en ‘n sigaret uit sy baadjiesak geskud. Hy was kennelik nie verwant aan die bestuurder wat my en Joe by die park afgelaai het nie.

“Hulle blom net een keer per jaar,” het ek hom herinner.

“En dis miskien ook een van die redes waarom ek nie altyd nee sê as ek dit behoort te doen nie. Ek glo al sedert my skooldae dat ek, soos my botaniese naamgenoot,die een of ander tyd moet blom en dat ek dus te alle tye gereed moet wees en nooit ‘n nuwe aanbod van die hand mag wys of ‘n potensieel opwindende situasie onbenut mag laat nie.”

“My suster het nooit aan hierdie goed gedink nie. Iris is haar naam. Dis al. Toeval, dis wat dit is. My ander suster is Daisy.”

7.1 Herlees reëls 1–11.

Wie is die fokalisator hier, met ander woorde, uit wie se oogpunt word hier op die gebeure gefokus? (1)

7.2 Watter soort verteller word in die uittreksel gebruik? Gee die voordele van só ‘n verteller. (3)

7.3 Waarom reken Billy dat Iris moeilikheid soek? (2)

7.4 Bewys uit Billy se handeling in die uittreksel dat hy nie werklik glo in die bestaan van die engel nie. (1)

7.5 Iris ondervind probleme met haar familie.

7.5.1 Is Iris se stelling dat mense – en veral haar familie – nie regtig na haar luister nie, geregverdig? Motiveer jou antwoord. (3)

7.5.2 Watter karaktereienskappe van Iris kon moontlik aanleiding daartoe gegee het dat Iris nie so goed met haar susters oor die weg kom nie? (2)

7.5.3 Hoe kontrasteer Johanna met Iris se ma in hierdie opsig? (2)

7.6 Watter mitologiese betekenisse het Iris se naam en met watter mitologiese betekenis van haar naam stem sy saam? (3)

7.7 Die tema van elke verhaal is baie belangrik.

7.7.1 Watter woorde in dié uittreksel dui op die tema van die verhaal? Haal die woorde aan. (1)

7.7.2 Tot watter insig kom Iris later in die verhaal ten opsigte van hierdie soeke van haar? (2)

7.8 Bewys uit die uittreksel dat Iris 'n baie naïewe persoon is. (2)

7.9 Watter afleiding kan jy uit die teks maak oor Iris se houding teenoor die lewe? (3)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 8: LITERÊRE OPSTEL

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Die innerlike konflik wat Baas in die roman *Manaka Plek van die Horings* ondergaan, dra by tot sy karakterontwikkeling.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde.

**[25]**

**OF**

## VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

"Dit is hoe dit is," sê Grace gedemp. Die patrone op die bak begin weer klingel.

"People!" Meneer Johnnie steek sy kop onder die bakkie in. "Henna lo people henna sebenza fana ka lo sô! Dit is ménse wat so maak! Al wat hierdie khuta sien as hier 'n mens kom wat wit is, is alles wat hulle kan gryp. Henna bamba everything! Mister Chisupo is beter as hulle. Hy sê van die begin af hy wil nie die mense wat wit is hier hê nie want hy weet hulle vat sy krag weg. Mister Baas was lo rich man toe hy hier gekom het. Daar was baie kos in die huis. Everything. Hy kon ook vir my tabak koop as hy Ngweze toe gaan. Hoekom lê hy nou hier in die modder? Omdat hy sy LDV stukkend gery het agter die pale van die khuta aan! Henna bamba zonke! Wat sal ons oorhê as hulle alles gevat het wat ons het? Dis wat al die mense van Senanga sê."

Nanna roep na meneer Johnnie.

"Yessa!" skreeu hy in die rigting van die worsboom. Hy klap vir Baas hande. Sy bene hoepel teen die bult af.

"Kwê ..." toets die kwêvoël in die jakkalsbessie die atmosfeer.

"Ek sal baie graag vir jou 'n gebed wil doen, neef."

"Vir mý?"

"Daar kom 'n tyd in elke mens se lewe dat hy dit nodig het."

"Ag nee, wat, so erg is dit nie. Maar baie dankie vir die gedagte." Baas sien die skoene van hom af wegdraai.

"Muluti Malila huil oor jou," hoor hy Grace sê.

"Miskien huil hy oor homself." Baas roer nie. Hy kantel sy kop en maak weer sy oë toe.

"As 'n mens oor iemand anders huil, dan huil jy eintlik oor jouself ook." Grace klim van die bak af.

Die moerasfiskale roep. "Priscilla en Akwilla ..." sê sy. "Dis die name wat ek vir daardie twee voëls gegee het. Dit was toe jy siek was, in die tyd toe ek in jou huis gesit en wag het dat jy jou oë moet oopmaak. Dis 'n goeie naam vir hulle. Hulle is nooit ver van mekaar af nie."

Die moerasfiskale hou op roep. Die kinders se gejil bedaar. Van die worsboom se kant af kom kitaarklanke. 'n Heldersoet stem begin uit die note vloei. "Amazing grace, how sweet the sound, that saved a wretch like me," sing Nanna. "I once was lost but now I'm found, was blind but now I see."

Die naarheid stoot in Baas se keel op. Hy onthou die tyd toe hy gewag het vir nuus van Sable Ranch om op die veldradio's deur te kom.

Kopiereg voorbehou

9.1 Herlees reëls 1–16.

Wie is die fokalisator hier, met ander woorde, uit wie se oogpunt word hier op die gebeure gefokus? (1)

9.2 Watter soort verteller word in reël 38–46 gebruik? Wat is die voordele van só 'n verteller? (3)

9.3 Watter woorde (wat telkens in die roman herhaal word) dui in dié uittreksel op aanvaarding, gelatenheid en dat die toestand van sake nie gaan verander nie? Haal die woorde aan. (1)

9.4 Wat doen meneer Johnnie (reël 3) op Manaka? (1)

9.5 Die woorde in reël 4 "Henna lo people henna ..." dui op meneer Johnnie se kulturele andersheid. Waarom is dit funksioneel dat hy in sy eie taal praat? (1)

9.6 Meneer Johnnie word die slagoffer van sy tradisie en waardesisteem as hy nie sy lobola kan betaal nie.

Is daar in dié verband 'n parallel tussen meneer Johnnie en Baas se oupagrootjie? Motiveer jou antwoord. Verduidelik ook wat Baas doen om meneer Johnnie se lobola-probleem op te los. (4)

9.7 Ons leer meneer Johnnie in die uittreksel ken as 'n persoon wat 'n mengelmoes van Afrikaans, Engels en sy eie taal praat. Watter uiterlike beskrywing (reëls 1–21) word ook in dié teks van meneer Johnnie gegee? (1)

9.8 Watter tradisionele gebruik van die Lozi-stam kom in hierdie uittreksel na vore? (1)

9.9 Herlees reëls 3–16.

Konflik ontstaan tussen Baas en die khuta, die indoena-owerheid. Meneer Johnnie spreek hom sterk uit teenoor die khuta omdat hulle Baas uitbuit. Wat verwag die khuta van Baas? (1)

9.10 Mister Chisupo (reël 7–9) sê dat hy nie die wit mense by Manaka wil hê nie, want hulle vat sy krag weg. Wat dink jy bedoel mister Chisupo met "krag" wat van hom weggevat word? (2)

9.11 Herlees reëls 22–27.

Waarom wil Baas nie hê dat oom Scholtzie vir hom bid nie? (1)

Kopiereg voorbehou 

9.12 Godsdiens is ‘n sentrale tema in die roman.

9.12.1 Herlees reëls 44–46.

Baas beleef deurgaans innerlike konflik oor Christenskap. Wat gee aanleiding tot hierdie innerlike konflik? Hoekom is dié innerlike konflik ironies as ons na Baas se optrede in reëls 3-16 kyk? (3)

9.12.2 Word hierdie innerlike konflik aan die einde van die verhaal opgehef? Motiveer jou antwoord. (2)

9.13 *"Die naarheid stoot in Baas se keel op"* (reël 44). Dink jy Baas se reaksie is hier geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (2)

9.14 Watter karakter in die uittreksel versprei die Christelike geloof met musiek? (1)

**[25]**

**OF**

## VRAAG 10: LITERÊRE OPSTEL

### *VATMAAR* – AHM Scholtz

Die innerlike konflik wat Tant Wonnie in die roman *Vatmaar* ondergaan, dra by tot haar karakterontwikkeling.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**OF**

## VRAAG 11: KONTEKSTUELE VRAAG

### *VATMAAR* – AHM Scholtz

Lees die uittreksel hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

So het hulle vir Oom Chai ontmoet.

Oom Chai het gesê: Julle is die soort mense wat ons in Vatmaar wil hê. Maar julle moet eers Vatmaar toe gaan om te kyk watter erf julle wil hê.

Nee, Oom, sê Bet, as jy verleë is, kan jy nie kieskeurig wees nie.

Gee ons net een met ‘n sewe, sê Flippus.

Na die etenstyd was die clerk-of-works ook terug in sy kantoor. Oom Chai sê vir hom: Sir, people for a plot in Vatmaar.

Which number? vra hy.

Flippus sit sy vinger op nommer 17.

All right, sê die clerk-of-works, it will be one pound. Hy haal die kwitansie-boek uit en Bet haal 'n pondnoot uit die knapsak uit.

Tomorrow at nine o'clock my boy will show you number 17.

Dankie, Sir, Baas, hoor die twee hulleself sê.

Saterdagoggend het Stoffel Jones hulle met al hulle besittings Vatmaar toe gevat.

Maar voor hulle vertrek het, sê Stoffel Jones: Die mense van Vatmaar verwag die geluk. Vir hulle is dit 'n groot dag – en sonder om verder te praat, stop hy by die Off Sales.

Sus Bet, wat as Griekwa daarop geregtig was om drank te koop, het drie kannetjies sjerrie gekoop teen ses sjiellngs en ses pennies 'n gelling, en ook nog 'n bottel brandewyn.

Die man van Du Toitspan se dorpsraad het kort na Oom Flip en Sus Bet met die plan op Vatmaar aangekom en vir hulle erf 17 gewys.

Dankie, Here, het hulle gesê, en die grond gesoen. Die put is gegrawe. Soos die gebruik was, is die eerste beker water rondgegee sodat elkeen 'n sluk kan vat om deel te word van die put. Toe almal van die eerste water gedrink het, vat Sus Bet en Oom Flip 'n emmertjie water en loop tot waar hulle alleen is. Elkeen het proe-proe 'n paar slukkies gevat.

Onse water, sê Sus Bet.

Die Here se water, sê Oom Flip.

Die son was net onder. Hulle het regoor mekaar op hulle knieë gesit en hande vasgehou en in mekaar se oë gekyk en nie woorde gekry om te sê nie. Trane van vreugde het geloop. Liefde het hulle geken en gehad, maar om as medemense aanvaar te word, het hulle harte diep geraak.

11.1 Wie het vir Sus Bet en Oom Flip aan Oom Chai voorgestel? (1)

11.2 Watter soort verteller word in reëls 1 tot 17 gebruik? Wat is die voordele van só 'n verteller? (3)

11.3 Verduidelik die aanspreekvorme in reël 13. (2)

11.4 Die pondnoot wat Sus Bet uit haar sak haal, is nie eerlike geld nie.

11.4.1 Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (2)

11.4.2 Was die manier waarop Sus Bet en Oom Flip aan die geld gekom het, moreel regverdigbaar? Motiveer jou antwoord deur na die inhoud van die roman te verwys. (3)

11.4.3 As jy in gedagte hou hoe Sus Bet en Oom Flip aan hul geld gekom het, waarom is dit ironies dat hulle so 'n hartlike ontvangs kry op Vatmaar? (2)

11.5 Waarna verwys die *geluk* waarna Stoffel Jones in reël 16 verwys? (1)

11.6 Waarom is dit van belang dat daar verwys word na die feit dat Sus Bet 'n Griekwa is (reël 18)? (2)

11.7 Die tema van elke verhaal is baie belangrik. (1)

11.7.1 Watter woorde in dié uittreksel dui op die tema van die verhaal? Haal die woorde aan.

11.7.2 Tot watter insig kom Sus Bet en Oom Flip ten opsigte van die mense van Vatmaar? (2)

11.8 Hoe dra die verwysing na *Du Toitspan* (reël 21) by tot die milieu? (2)

11.9 Waarom is die tyd waarin hierdie roman afspeel van groot belang? (2)

11.10 Hoe het die dorpie *Vatmaar* aan sy naam gekom? (1)

11.11 Watter karaktereienskap van die Vatmaar-gemeenskap spreek duidelik uit reëls 22–28? (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**EN**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

**LET WEL:** Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

## VRAAG 12: LITERÊRE OPSTEL

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Die karakters in die drama is vasgevang in 'n uitsiglose bestaan.

Bespreek hierdie stelling met verwysing na Map, Cavernelis en Blanchie se lewens. Evalueer of daar 'n moontlikheid van bevryding vir die karakters is. **[25]**

**OF**

## VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

TOMMY: Moet nou nie mean wies nie, man … 'is nie onse biesagheit nie …

CYRIL: Aag, Tommy, jou ou skinderbek! Come off it, man! (*Lag)* 'Is like nie jou biesagheit nie, imagine!

RICHIE: Maar daai's nou nie nodig nie, man … Los 'it af …

CYRIL: What for?

TOMMY: Los 'it af, ja …Ek sê weer, 'is nie ons biesagheit ...

CYRIL: Aag, ou Tommy, man, moenie vi' my daai kom sell van dis nie jou biesageit nie … Shit, man, daai ou dêrre van Blanchie, ou blêrie haitie-taitie vrek van 'n Cavernelis, hy úse vir haar, man … hy use sy eie vlees en bloed so, man, hy's 'n … Ek het niks tien Blanchie selwers nie …

RICHIE: Ôrait,ôrait …

CYRIL: Nou wat is jy nou so touchy?!

TOMMY: Okay, cool 'it …

CYRIL: (*aan Tommy)* Wat dink jy gaat Map kom doen as hy yt is, en hy vinne yt, van Blanchie ek mien, en hoe ou Cavernelis vir haar use, hê? Wat gaat hy doen?

13.1 Bestudeer die dialoog in reëls 17–19. By watter deel van die dramatiese struktuur van die drama sluit hierdie uittreksel aan? (1)

13.2 Naamgewing kan bydra tot karakterbeelding. Waarom word Map soms Map en soms Johnny genoem? (2)

13.3 Waarom is Tommy se woorde in reël 1–2 ironies? (2)

13.4 Waarom probeer Richie vir Cyril stilmaak? (1)

13.5 Watter beroep beoefen Tommy en met watter karakter stem dit ooreen? (2)

13.6 Herlees reël 10.

Noem karaktereienskappe van Cavernelis wat veroorsaak dat Cyril hom 'n *haitie-taitie vrek* noem. Is dit geregverdig dat Cyril hom so noem? Motiveer jou antwoord. (4)

**TEKS 2**

*Blanchie, Maud en Cavernelis in hul flat.*

MAUD (*gooi haar hande op*): Well, so there you have it!

CAVERNELIS: (*heeltemal uit die veld geslaan*): Maar . . . maar Maudie . . . Blanchie . . .

*Blanchie, met 'n stuk papier) 'n brief in haar hande. Sy huil.*

BLANCHIE: 'Is nie wáár nie. . .

MAUD: Maar 'it is wáár! You've read the letter, my dear. . . Now stop crying, sweetheart, crying won't help . . .

*Blanchie huil . . .*

CAVERNELIS: (*hulpeloos*): Maar. . . ek het nie gekan dink . . .

MAUD (*wreed*): Maar jy't nooit gekan enigiets nie, Cavernelis-darling! Of course het jy nie gekan dink . . . (*Sy lag, sinies. Cavernelis bek-af.*) Blanchie, that's life, my sweetheart . . . that's people, man. . . You trust them, you trust them, you do things for them, an' they fuckinwill just dump you, like that! (Sy beduie.) Trust me, I've been through it all . . .

CAVERNELIS: Die vuilgoed . . .

MAUD: . . . when they've used you, that's it. . . Maar ek het vir jou gesê, sweetheart, those white dandies, die klomp fashion-moffies . . . hulle sil vir jou use tot lat hulle jou klaar ge-use het, en dan . . . dúmp hulle vir jou . . . Next pretty girl in the queue, please . . .

CAVERNELIS: Die vuilgoed . . . En hoekom net . . . nóú . . .

MAUD: In the queue, in the béd . . . I know the swine, sweetheart! All the sweet talk, all the promises, while hulle jou use vir hulle eie purposes . . .

BLANCHIE (snikkend): Daddy . . . Antie Maud . . .

CAVERNELIS: Maar hulle't gesê . . . gebelowe . . . jy gaan Paris toe . . .

MAUD: Shit, Cavernelis-darling, "gesê", "gebelowe" . . . That's no contract, my dear! An' even contracts are cheap! It all depends on whom you're dealing with! Ek het vannie begin af gewiet . . .

CAVERNELIS: Okay, Maudie . . .

MAUD: Okay wat! . . . So, jy't rêrig gedink Blanchie gaat Paris toe! En lat die geld sal kom?! (*Lag sinies.*) You must be joking, Cavernelis-darling!

13.7 Wat is die funksie van die neweteks in reël 2? (1)

13.8 Hoe slaag die dramaturg daarin om die karakters se ontsteltenis uit te beeld in die uittreksel? (2)

13.9 Herlees reël 11.

13.9.1 Maud beskuldig vir Cavernelis dat hy *nooit gekan enigiets nie.* Is hierdie beskuldiging geregverdig? Motiveer jou antwoord en toon aan waardeur Maud en Cavernelis se huwelik beïnvloed is. (3)

13.9.2 Dink jy Cavernelis het tog sy gesin se belange op die hart gedra? Motiveer jou antwoord. (2)

13.10 Herlees reël 23. Waarom is Cavernelis ontsteld omdat Blanchie *net . . . nóú* juis haar kontrak verloor het? (2)

13.11 Hoe dink jy dra hierdie gebeure by tot die ontknoping van die drama? Dui ook aan waarom jy dink die ontknoping is geloofwaardig al dan nie. (3)
**[25]**

**OF**

**VRAAG 14: LITERÊRE OPSTEL**

***MIS* – Reza de Wet**

Die karakters in die drama is vasgevang in 'n uitsiglose bestaan.

Bespreek hierdie stelling met verwysing na Miem, Meisie, Gertie en Gabriël se lewens. Evalueer, met die oop slot van die drama in gedagte, of daar 'n moontlikheid van ontsnapping/bevryding vir die karakters is. **[25]**

**OF**

## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

***MIS*** **– Reza de Wet**

Lees die onderstaande uittreksels deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

**TEKS 1**

KONSTABEL: Die krieke kriek harder. Die aandblom ruik soeter. Die adder seil vinniger deur die gras.

GERTIE: En u kan dit alles waarneem?

KONSTABEL: Ja. Ek kan.

GERTIE: (*vou haar hande saam*) Uitsonderlik!

MIEM: Kom sit gerus, Konstabel.

GERTIE: (*beweeg vinnig na die KONSTABEL en neem sy arm*) So ja. Versigtig net vir die punt van die tafel. Dis reg. (*Trek 'n stoel uit*)

KONSTABEL: (*kil)* Ek sal verder regkom!

GERTIE: (*afgehaal*) Soos u wil.

MIEM: Wat van 'n lekker koppie koffie, Konstabel?

KONSTABEL: Ja, dankie. (*Sit*) Drie suikers en min melk. (*Skuif sy sak onder die stoel in*)

MIEM: Meisie, maak vir die konstabel koffie. En jy het hom gehoor. Drie suikers en min melk.

MEISIE: Ja, Ma. (*Beweeg na die stoof*)
*MEISIE hou die KONSTABEL onderlangs dop. MIEM en GERTIE hou hom ook dop. Hy sit doodstil en kyk voor hom uit. Na 'n paar oomblikke van stilte bars hy skielik uit van die lag.*

MIEM: Wat is so snaaks, Konstabel?

KONSTABEL: Iets (*Lag*) het my skielik net bygeval. (*Skielik stroef)* Verskoon my tog.

GERTIE: U kan dit maar met ons deel, Konstabel. 'n Bietjie jolyt sal ons goed doen.

MIEM: Jy kan dit weer sê, Gertie.

KONSTABEL: Ek is jammer. Dis persoonlik.

| | |
|---|---|
| MIEM: | (*geaffronteerd. Kyk na GERTIE*) O! |
| | *'n Effense ongemaklike stilte.* |
| GERTIE: | En waar kom u vandaan, Konstabel? |
| KONSTABEL: | O, hier en daar. Nooit lank op dieselfde dorp nie. Ek word gebruik vir ... spesiale gevalle. |
| MIEM: | So, u is natuurlik hier oor die verdwynings, Konstabel? |

15.1 Bestudeer die toneelaanwysings in reël 7. By watter deel van die dramatiese struktuur van die drama sluit hierdie uittreksel aan? (1)

15.2 Naamgewing kan bydra tot karakterbeelding. Waarom word Meisie (reël 15) in die drama nie op haar doopnaam aangespreek nie? (1)

15.3 "*Die adder seil vinniger deur die gras*" (reël 2)

Na watter bekende uitdrukking word hier verwys en wat beteken die idioom? Na wie kan die "adder" (reël 2) hier verwys? Verduidelik waarom dit hier gepas is om na dié persoon, in konteks van die drama, as 'n "adder" te verwys. (4)

15.4 Herlees weer reëls 7 –9. Waarom neem Gertie die konstabel se arm en trek 'n stoel vir hom uit? (1)

15.5 Motiveer die konstabel se reaksie in reël 10. (2)

15.6 Bestudeer die toneelaanwysings in reëls 13–14.

Watter element van die rekwisiete is in die sak wat die konstabel onder die tafel ingeskuif het en waarvan is dit 'n simbool? Verduidelik ook wat *rekwisiete* is. (3)

15.7 Herlees reëls 18–20.

Die vrouens hou die konstabel eerstens dop om seker te maak dat hy blind is. As die verdere verloop van die drama egter in ag geneem word, is daar ook ander redes waarom die vrouens die konstabel hier dophou. Gee redes waarom Meisie, Gertie en Miem die konstabel dophou. (3)

15.8 Verduidelik die dramatiese ironie in reël 34. (2)

**EN**

**TEKS 2**

*'n Angswekkende kreet word gehoor.*

KONSTABEL: Wat was dit?

MIEM: Toe maar, Konstabel, dit is net my man. Hierdie tyd
van die aand raak hy van al sy opgekropte gevoelens
ontslae. Verder is hy tjoepstil.

KONSTABEL: En hoe lank gaan dit al so?

MIEM: Van na die Depressie af. Dit was vir my arme man te
veel. (*Sug*) 'n Tiekie vir 'n skaap.

KONSTABEL: En hoe dikwels sien u hom?

MIEM: Vir sewe jaar het ek hom nog nie met 'n oog gesien nie.
(*Tranerig*) Dit is vir my 'n groot beproewing.

KONSTABEL: Gaan hy ooit buitetoe? Is daar 'n manier waarop hy
kan uitkom? Miskien 'n buitedeur met 'n soldertrap?
MIEM: Waarom vra u, Konstabel?

KONSTABEL: Ek vra maar net, Mevrou. (*Skielik streng*) Beantwoord
asseblief my vraag. Is daar 'n solderdeur?

15.9 Bespreek hoe die titel van die drama in hierdie uittreksel betrek word. (1)

15.10 Gabriël tree in die drama as figurant op. Verduidelik. (1)

15.11 Dit is interessant dat Miem se man se naam Gabriël is – ook die naam van die aartsengel. Verduidelik die ironie van dié naamgewing as die slot van die drama in ag geneem word. (1)

15.12 Miem karakteriseer haar man deur hom te romantiseer as 'n goeie en sagmoedige man wat edel van inbors is.

15.12.1 Kan jy met Gabriël identifiseer? Motiveer jou antwoord. (2)

15.12.2 Dink jy dat Gabriël aan die einde van die drama uit die solder sal kom? Motiveer jou antwoord deur ook na sy karaktereienskappe te verwys. (3)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou